

Week 2 : 27 – 30 April

Maandag : 27 April

Indien jy nie die werk verstaan nie, kyk die video op You Tube (ronel le roux)

Doen die hersiening op bl. 36 Oefening 5 A – E in jou lêer. Onthou om jou Werkstuk, datum, opskrif, bladsynommer en oefening elke dag in jou skrif te skryf.

BL. 36 Oefening 5 : HERSIENING

A) Herlei die volgende gemengde getalle na onegte breuke: bv. $6\frac{3}{4} = \frac{6 \times 4 + 3}{4} = \frac{27}{4}$

1) $3\frac{1}{2}$

2) $4\frac{1}{3}$

3) $5\frac{1}{3}$

4) $2\frac{2}{7}$

A) Bereken : kyk weer na jou reëls

1) $30\frac{3}{4} + 12\frac{1}{2}$

2) $17\frac{7}{8} - 4\frac{1}{2}$

3) $12\frac{4}{12} + 9\frac{3}{4}$

4) $5\frac{12}{24} - \frac{3}{6}$

5) $5\frac{5}{30} + 9\frac{5}{15}$

6) $3\frac{3}{5} - 1\frac{1}{3}$

7) $2\frac{3}{4} + 3\frac{1}{6}$

B) Herlei die onegte breuke na gemengde getalle

Bv. $\frac{11}{10}$ Dis 'n onegte breuk – daarom haal jy $\frac{10}{10}$ uit en dan bly $\frac{1}{10}$ oor.

$$= \frac{10}{10} + \frac{1}{10}$$

$$= 1\frac{1}{10}$$

1) $\frac{8}{3}$

2) $\frac{15}{2}$

3) $\frac{9}{4}$

4) $\frac{8}{5}$

5) $\frac{7}{5}$

C) Vul in < . > of = (Verduideliking : Jy kan oorkruis maal om die antwoord vinnig te kry, maar kyk die video as jy nie verstaan nie, want juffrou het dit daar mooi verduidelik)

1) $\frac{5}{6} \square \frac{3}{2}$

2) $\frac{3}{8} \square \frac{3}{4}$

3) $\frac{2}{6} \square \frac{1}{3}$

4) $\frac{4}{15} \square \frac{2}{5}$

5) $\frac{5}{6} \square \frac{11}{12}$

D) Bepaal die ontbrekende getalle (onthou : as jy onder maal met 5, moet jy bo ook maal met 5)

1) $\frac{8}{10} = \frac{\quad}{5}$

2) $\frac{15}{20} = \frac{\quad}{4}$

3) $\frac{8}{24} = \frac{1}{\quad}$

Dinsdag : 28 April 2020

Indien jy nie die werk verstaan nie, gaan kyk die video op You Tube.

Doen bl. 37 in lêer oefening 5 : F (Woordsomme) en bl. 37 G nr. 1 - 4

VOORBEELD : As ek $\frac{4}{6}$ van my 36 lekkers eet, hoeveel het ek geëet en hoeveel het ek oor ?

$$\frac{4}{6} \text{ van } 36$$

$$= \frac{4}{6} \times \frac{36}{1} \quad (6 \text{ kan bo indeel in } 36 \text{ en } 6 \text{ kan onder indeel in } 6)$$

$$= \frac{4}{1} \times \frac{6}{1}$$

= 24 lekker het ek geëet

Daarom $36 - 24 = 12$ lekker het ek oor

E) Woordsomme :

1. Thandi het R50. Sy spandeer $\frac{4}{5}$ van haar geld. Hoeveel het sy spandeer ? Hoeveel geld het sy oor ?

2. Daar is 16 mense by 'n partytjie. $\frac{3}{4}$ van die mense drink lemoensap. Hoeveel mense drink lemoensap ?

3. 'n Boer het 55 kuikens. Hy verkoop $\frac{4}{5}$ op die mark. Hoeveel kuikens het hy verkoop ?

4. Chantelle het 42 hoendereiers om te verkoop. Sy verkoop $\frac{4}{6}$ van die hoendereiers. Hoeveel hoendereiers het sy oor ?

5. Cobus moet 24 bladsye leer vir 'n toets. Hy het $\frac{3}{4}$ van die werk geleer. Hoeveel bladsye moet hy nog leer ?

Doen bl. 37 G nr. 1 - 4

Bereken :

1. $8\frac{9}{10} + 9\frac{99}{100}$

2. $4\frac{4}{8} - 2\frac{3}{7}$

3. $3\frac{2}{4} \times 1\frac{2}{3}$

4. $1\frac{1}{8} \div 1\frac{11}{16}$

Woensdag : 29 April

Daar is nie vandag 'n video nie, want Juffrou het reeds vir jou al die werk verduidelik.

Doen bl. 37 G. Jy kan nou nog 3 somme van elk doen, m.a.w. kies vir jou 3 plus somme, 3 minus somme, 3 vermenigvuldigsomme en 3 deelsomme. Jy mag meer doen as jy wil. Jy het gister reeds nr. 1 – 4 gedoen. Juffrou stuur vir jou al die somme se antwoorde en merk dan die somme wat jy gedoen het.

G. Bereken :

1. $8\frac{9}{10} + 9\frac{99}{100}$

2. $4\frac{4}{8} - 2\frac{3}{7}$

3. $3\frac{2}{4} \times 1\frac{2}{3}$

4. $1\frac{1}{8} \div 1\frac{11}{16}$

5. $5\frac{3}{7} + 7\frac{1}{6}$

6. $3\frac{1}{8} + 3\frac{5}{6}$

7. $3\frac{3}{4} + 4\frac{3}{8}$

8. $4\frac{2}{3} + 3\frac{4}{7}$

9. $2\frac{3}{4} + 3\frac{6}{8}$

10. $6\frac{7}{8} - 2\frac{2}{9}$

11. $4\frac{4}{9} - 2\frac{4}{6}$

12. $6\frac{3}{4} - 3\frac{6}{7}$

13. $7\frac{5}{6} - 5\frac{2}{9}$

14. $3\frac{3}{5} + 2\frac{6}{15}$

15. $3\frac{1}{6} - 1\frac{4}{9}$

16. $2\frac{1}{4} \times 5\frac{1}{3}$

17. $1\frac{1}{8} \div 1\frac{8}{24}$

18. $1\frac{1}{4} \times 2\frac{2}{3}$

19. $3\frac{1}{8} \times 1\frac{2}{5}$

20. $2\frac{2}{5} \times 2\frac{2}{6}$

21. $4\frac{2}{5} \times 2\frac{3}{8}$

22. $1\frac{3}{4} \times \frac{8}{14}$

23. $1\frac{2}{4} \div 3\frac{1}{8}$

24. $5\frac{1}{2} \div 1\frac{2}{9}$

25. $5\frac{1}{5} \div 2\frac{2}{6}$

26. $\frac{4}{9} \div 9\frac{1}{9}$

Donderdag : 30 April 20202

Indien jy nie die werk verstaan nie, kan jy die video op You Tube gaan kyk.

PERSENTASIES :

Die term persent is afgelei vanaf die Latynse woorde "per centum" wat per honderd beteken.

Persentasie is dus 'n breuk waarvan die noemer altyd 100 is. So sal $\frac{87}{100}$ beteken 87 honderdstes of dan 87% .

Bl. 38 Oefening 1 : Persentasies

Druk elk van die volgende uit as 'n persentasie : (Onthou die noemer moet 100 wees)

1) $\frac{3}{20}$

2) $\frac{18}{25}$

3) $\frac{27}{50}$

4) $\frac{2}{5}$

5) $\frac{9}{10}$

6) $\frac{16}{20}$

7) $\frac{1}{10}$

8) $1\frac{12}{25}$

Skryf die volgende as 'n gewone breuk in sy eenvoudigste vorm: (skryf eers as 'n breuk $\frac{\quad}{100}$ en vereenvoudig dan jou som)

9) 25%

10) 19%

11) 150%

12) 66%

Skryf die volgende as 'n gewone breuk in sy eenvoudigste vorm (breuk moet $\frac{\quad}{100}$ wees) en druk dan jou antwoord uit as 'n desimale breuk.

13) 45%

14) 120%

15) 18%

16) 4%

17) 25%

18) 50%

19) 60%

20) 80%

VOORBEELD VAN WOORDPROBLEME

VOORBEELD

Bereken 60% van R105

= $\frac{60}{100}$ x $\frac{R105}{1}$

(deel bo en onder deur 10)

= R63 (vermenigvuldig 6 met R105 en deel deur 10)

Bl. 39 Oefening 2 : Persentasies

Bereken :

1) 25% van 120

2) 75% van R100

3) 10% van 55 000g

4) 15% van 20 000 ml

5) 120% van 5 ton (antwoord in kg)

6) 25% van 844

7) 35% van 800

8) 150% van 80

Vrydag 1 Mei 2020

Indien jy nie die werk verstaan nie, kan jy die video op You Tube gaan kyk. **Doen Bl. 41 oef. 1 A – G**

DESIMALE BREUKE : Oefening 1 Bl. 41

A) Voltooi die volgende getalrye

- 1) 0,2; 0,4; 0,6; ___; ___; ___; ___ 2) 0,5; 1; 1,5; ___; ___; ___; ___
3) 0,01; 0,02; 0,03; ___; ___; ___; ___ 4) 0,03; 0,06; 0,09; ___; ___; ___; ___
5) 0,995; 0,996; 0,997; ___; ___; ___; ___

B) Rangskik die volgende getalle van die grootste tot die kleinste (onthou – kyk eerste na die heelgetalle, daarna maak seker dat jy dieselfde hoeveelheid getalle na die komma het. Indien nie, sit 0 aan die einde van die getalle sodat almal bv. honderdstes / duisendstes is. Juffrou het dit op die video gewys indien jy nie meer kan onthou nie – gaan weer terug na die video)

- 1) 235; 1 367; 3 648; 1 637; 10 827
2) 3,4; 3,8; 3,75; 3,06; 3,183
3) 6,273; 62,73; 627,3; 63,073; 627,03
4) 7,025; 7,205; 7,250; 7,251; 7,502
5) 0,845; 4,485; 4,085; 48,5; 0,584

C) Wat is die plekwaardes van die volgende : (onthou TD D H T E , t h d)

- 1) 8 574,987 2) 34,523 3) 8 934,764
4) 98 652,873 5) 23 458,912 6) 231 284,098

D) Rond die volgende af korrek tot die naaste tiende:

- 1) 0,44 2) 0,75 3) 0,271
4) 11,06 5) 0,047 6) 9,748

E) Bereken : (ONTHOU die kommas moet onder mekaar wees en sit plekhouders indien nodig)

- 1) $3,6 + 4,3$ 2) $8,8 + 0,1$ 3) $0,3 + 0,7$
4) $7,7 - 7,5$ 5) $0,9 - 0,7$ 6) $1,3 - 0,3$
7) $6,345 + 1,43$ 8) $0,293 + 0,219$ 9) $0,12 + 4,441$
10) $0,222 + 0,888$ 11) $1,982 - 0,452$ 12) $4,009 - 3,001$
13) $8,934 - 6,151$ 14) $123,457 - 111,584$ 15) $2,98 - 1,292$

Lekker werk. Juffrou hoop julle is almal veilig en rus lekker die naweek.